

VERORDENINGE: POLOKWANE MUNISIPALITEIT
BY-LAWS: POLOKWANE MUNICIPALITY

Provincial Gazette
Administrator's Notice 1387
14 October 1981

Provinsiale Koerant:
Aministrateurskennisgewing 1387
14 Oktober 1981

**STANDARD BY-LAWS RELATING TO
DOGS**

**STANDAARDVERORDENINGE
BETREFFENDE HONDE**

The Administrator hereby, in terms of section 96bis(1) of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the standard by-laws set forth hereinafter, which have been made by him in terms of the said section.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 96bis(1) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die standaardverordinge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge die genoemde artikel opgestel is.

INDEX

INHOUDSOPGAWE

SECTION

ARTIKEL

1. *Definitions*
2. *Liability for tax*
3. *Person liable for tax*

1. Woordoms krywing
2. Belastingpligtigheid
3. Persoon aanspreeklik vir belasting

- | | |
|--|--|
| <p>4. <i>Exemption from payment of tax</i></p> <p>5. <i>Application to pay tax</i></p> <p>6. <i>Duplicate tax receipt</i></p> <p>7. <i>Transfer of tax receipt</i></p> <p>8. <i>Tax receipt to be produced for inspection</i></p> <p>9. <i>Impounding of dogs</i></p> <p>10. <i>Unclaimed dogs may be sold or destroyed</i></p> <p>11. <i>Collar of dog not to be illegally used or removed</i></p>
<p>12. <i>Certain dogs not allowed in public places</i></p> <p>13. <i>Dogs not to be incited</i></p> <p>14. <i>Dogs causing nuisance</i></p> <p>15. <i>Destruction of dogs</i></p> <p>16. <i>Number of dogs on premises</i></p> <p>17. <i>Control of dogs in public places</i></p>
<p>18. <i>Entering of premises</i></p> <p>19. <i>Dog kennels</i></p> <p>20. <i>Establishment and leasing of dog pound</i></p> <p>21. <i>Duties of poundmaster</i></p> <p>22. <i>Penalties</i></p> | <p>4. Vrystelling van betaling van belasting</p> <p>5. Aansoek om belasting te betaal</p> <p>6. Duplikaatbelastingkwitansie</p> <p>7. Oordrag van belastingkwitansie</p> <p>8. Belastingkwitansie moet vir inspeksie getoon word</p> <p>9. Skut van honde</p> <p>10. Onopgeëiste honde kan verkoop of van kant gemaak word.</p> <p>11. Halsband van honde mag nie wederregtelik gebruik of verwyder word nie</p> <p>12. Seker honde nie op publieke plekke toegelaat nie</p> <p>13. Honde mag nie aangehits word nie</p> <p>14. Honde wat steurnis veroorsaak</p> <p>15. Van kant maak van honde</p> <p>16. Getal honde op perseel</p> <p>17. Beheer van honde in publieke plekke</p> <p>18. Betreding van persele</p> <p>19. Hondelok</p> <p>20. Instelling van verhuring van hondeskut</p> <p>21. Pligte van skutmeester</p> <p>22. Strafbepalings</p> |
|--|--|

Definitions

1. *In these by-laws, unless the context indicates otherwise-*

Woordomskrywing

2. In hierdie verordeninge, tensy uit die sinsverband anders blyk, beteken-

“Council” means a city council, town council, village council or health committee established in terms of the Local Government Ordinance, 1939, or the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas established in terms of the Transvaal Board for Peri-Urban Areas Ordinance, 1943, and who has adopted these by-laws in terms of the Local government Ordinance, 1939, and includes the management committee of a council or any officer employed by a council, acting by virtue of any power vested in a council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, (Ordinance 40 of 1960), or section 21bis of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943;

“dog” means both a male and a female dog;

“driving fees” means the fees payable when a dog has been seized and transported to the pound by an authorized officer of the council in terms of these by-laws;

“belasting” die belasting wat in die toepaslike bylae by hierdie verordeninge gehef word;

“belastingkwitansie” ‘n kwitansie deur die raad uitgereik as bewys dat belasting betaal is

“dryfgelde” die gelde wat betaalbaar is wanneer ‘n hond ingevolge die bepalinge van hierdie verordeninge deur ‘n gemagtigde beampte van die raad gevang, aangekeer en na die skut vervoer is;

“kennel” means any premises contemplated in item 18(2) (a), (b) and (c) of Schedule 1 of the Licenses Ordinance, 1974;

“Owner” in relation to a dog includes any person who keeps or has in his possession or charge a dog, excluding-

(a) a person contemplated in paragraph (2)(c) and (d) of item 18 of Schedule 1 to the Licenses ordinance, 1974;

(b) a veterinary surgeon in respect of a dog left in his care for treatment;

(c) a society for the prevention of cruelty to and the advancement of the welfare of animals registered as a welfare organisation in terms of the Nation Welfare Act, 1965;

(d) any person or body contemplated in section 80(93)(h) of the Local Government Ordinance, 1939;

“poundmaster” means a person in charge of a pound;

“tax” means the tax levied in the appropriate schedule to these by-laws;

“eienaar” met betrekking tot ‘n hond ook iemand wat ‘n hond aanhou of in sy besit of onder sy sorg het, uitgesonderd-

(a) ‘n persoon soos beoog in paragraaf (2)(c) en (d) van item 18 by Bylae 1 by die Ordonnansie op Lisensie, 1974;

(b) ‘n veearts, ten opsigte van ‘n hond wat vir behandeling in sy sorg gelaat is;

(c) ‘n vereniging vir die voorkoming van mishandeling en die bevordering van die welsy van diere, wat kragtens die bepalings van die Nasionale Welsyswet, 1965, as welsynsorganisasie geregistreer is;

(d) enige persoon of liggaam soos beoog in artikel 80(93)(h) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939;

“hond” ‘n reu sowel as ‘n teef;

“hondehok” enige plek soos beoog in item 18(2)(a), (b) en (c) van Bylae 1 van die Ordonnansie op Lisensie, 1974;

“jaar” ‘n tydperk van twaalf maande wat om 24h00 op 31 Desember eindig;

“tax receipt”

means a receipt issued by the council as proof that tax has been paid;

“raad”

die stadsraad, dorpsraad of gesondheidskomitee wat kragtens die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gestig is, of die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede wat kragtens die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike gebiede, 1943, ingestel is, en wat hierdie verordeninge ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, aangeneem het en omvat die bestuurskomitee van sodanige raad of enige beampste, in diens van sodanige raad berus en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings, 1960) (Ordonnansie 40 van 1960), of artikel 21*bis* van die Ordonnansie op die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1942, aan hom gedelegeer is;

“year *means a period of twelve months ending 24h00 on 31 December.*

“skutmeester” iemand wat in beheer van ‘n skut is.

Liability for tax

2(1). *The owner shall pay the tax as determined in the appropriate schedule to these by-laws in respect of each dog which is six months old or older.*

Belastingpligtigheid

2(1) Die eienaar betaal belasting soos voorgeskryf in die toepaslike bylae by hierdie verordeninge ten opsigte van elke hond wat ses maande oud of ouer is.

(2). *No owner may keep a dog which is six months old or older within the municipality unless such dog has been registered at the municipal offices and a tax receipt for such dog has been obtained.*

(2) Geen eienaar mag 'n hond wat ses maande oud of ouer is binne die munisipaliteit aanhou nie, tensy sodanige hond by die munisipale kantoor geregistreer en 'n belastingkwitansie vir sodanige hond verkry is.

- (3). *In any legal proceedings instituted in terms of these by-laws against any person for not paying the tax prescribed in terms of sub-section (1), such dog shall be deemed to be six months old or older unless the contrary is proved.*

Person liable for tax

3. *For the purposes of these by-laws any person who keeps a dog or within whose premises any dog is found or seen, shall be deemed to be the owner of such dog until the contrary shall have been proved.*

Exemption from payment of tax

4. *The following owners shall be exempted from the payment of tax as contemplated in section 2:*

- (1) *Any person residing outside the municipality-*
- (a) *who brings a dog into the municipality for a period not exceeding 30 days;*
- (b) *who brings a dog into the municipality for treatment or boarding at a veterinary surgeon or a kennel: Provided that such dog shall be removed from the municipality immediately after such treatment or boarding: Provided further that the owner of such dog shall be in possession of a license issued by the authority within whose jurisdiction such dog is normally kept.*

- (3) by enige geregtelike stappe wat ingevolge hierdie verordeninge teen iemand ingestel word op grond daarvan dat hy nie die belasting soos in subartikel (1) voorgeskryf betaal het nie, word daar geag dat sodanige hond ses maande oud of ouer is, tensy die teendeel bewys word.

Persoon aanspreeklik vir belasting

3. Vir die toepassing van hierdie verordeninge word die persoon wat 'n hond aanhou of binne wie se perseel 'n hond gevind of gesien word, geag die eienaar daarvan te wees, tot tyd en wyl die teendeel bewys word.

Vrystelling van betaling van belasting

4. Die volgende eienaars word van die betaling van belasting soos beoog in artikel 2 vrygestel:

- (1) Enige persoon wat buite die munisipaliteit woonagtig is-
- (a) wat 'n hond vir 'n tydperk van hoogstens 30 dae in die munisipaliteit inbring;
- (b) wat 'n hond in die munisipaliteit laat vir behandeling of huisvesting by 'n veearts of in 'n hondehok: Met dien verstande dat sodanige hond uit die munisipaliteit verwyder word onmiddellik na afloop van sodanige behandeling of huisvesting: Met dien verstande voorts dat die eienaar van sodanige hond 'n lisensie besit wat uitgereik is deur die owerheid binne wie se jurisdiksie sodanige hond normaalweg gehou word.

(2) *A blind person using a dog as a guide or lead dog.*

Application to pay tax

5(1). *Every person applying for a dog tax receipt shall furnish his full name and address, as well as particulars with regard to the breed and sex of the dog.*

(2) *The tax payable in terms of section 2 is levied annually and is payable-*

(a) *on or before 31 January of each year in respect of each dog which has attained the age as determined in section 2(1); or*

(b) *within 30 days after attaining such age in respect of each dog attaining such age after 31 January: Provided that in any case where a dog attains the age of six months after 30 June of the year concerned, only half the tax as prescribed in the appropriate schedule to these by-laws shall be payable.*

(3) *Should tax due not be paid, interest in terms of section 50A of the local Government Ordinance, 1939, may be levied: Provided that such interest shall not exceed the tax due.*

(2) 'n blinde persoon wat van 'n hond as gids- of leihond gebruik maak.

Aansoek om belasting te betaal

5(1) Elkeen wat om 'n hondebelaastingkwitansie aansoek doen, moet sy volle naam en adres verstrek, asook besonderhede met betrekking tot die ras en geslag van die hond.

(2) Die belasting ingevolge artikel 2 word jaarliks gehef, en is betaalbaar-

(a) Op of voor 31 Januarie van elke jaar ten opsigte van elke hond wat reeds die ouderdom soos bepaal in artikel 2(1) bereik het; of

(b) binne 30 dae nadat sodanige ouderdom bereik is, ten opsigte van elke hond wat na 31 Januarie die ouderdom bereik: Met dien verstande dat in die geval van enige hond wat na 30 Junie van 'n betrokke jaar ses maande oud word, slegs die helfte van die belasting soos voorgeskryf in die toepaslike bylae by hierdie verordeninge, betaalbaar is.

(3) Indien verskuldigde belasting nie betaal is nie, kan rente ingevolge artikel 50A van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gehef word: Met dien verstande dat sodanige rente nie die verskuldigde belasting oorskry nie.

Duplicate tax receipt

6. *Any person may obtain a duplicate of a tax receipt issued in terms of section 2 upon payment of the relevant charges as prescribed in the appropriate schedule to these by-laws*

Transfer of tax receipt

7. *Where the ownership in a dog is transferred to someone else, the transferee shall, after payment to the council of the charges prescribed in the appropriate schedule to these by-laws, cause such transfer, together with his name and address, to be endorsed on the tax receipt or on the duplicate thereof.*

Tax receipt to be produced for inspection

8. *The owner shall produce the tax receipt for inspection to any authorized officer when reasonable requested to do so.*

Impounding of dogs

- 9(1) *Any authorized officer may seize and impound any dog-*
- (a) *which he reasonably believes to be ownerless; or*
- (b) *in respect of which he reasonably believes that the tax due in terms of these by-laws has not been paid.*

Duplikaatbelastingkwitansie

6. Enige persoon kan 'n duplikaat van 'n belastingkwitansie wat ingevolge artikel 2 uitgereik is, by betaling van die geld in die toepaslike bylae hierby voorgeskryf, verkry.

Oordrag van belastingkwitansie

7. Waar die eiendomsreg in 'n hond aan iemand anders oorgedra word, laat die oordragnemer sodanige oordrag sowel as sy naam en adres, na betaling aan die raad van die gelde in die toepaslike bylae hierby voorgeskryf, op die belastingkwitansie of op die duplikaat daarvan endosseer.

Belastingkwitansie moet vir inspeksie getoon word

8. Die eienaar moet die belastingkwitansie vir inspeksie aan 'n gemagtigde beampte toon wanneer hy redelikerwys versoek word om dit te doen.

Skut van honde

- 9(1) Enige gemagtigde beampte kan enige hond vang en skut-
- (a) wat hy redelikerwys meen sonder eienaar is; of
- (b) ten opsigte waarvan hy redelikerwys meen dat die belasting wat ingevolge hierdie verordeninge betaalbaar is, nie betaal is nie

- | | |
|--|---|
| <p>(2) <i>Any person may seize and impound any dog found trespassing on property of which he is the owner or occupier and</i></p> | <p>(2) Enige persoon kan enige hond wat op eiendom oortree waarvan hy die eienaar of okkupeerder is, vang en skut-</p> |
| <p>(a) <i>which he reasonably believes to be ownerless; or</i></p> | <p>(a) wat hy redelikerwys meen sonder eienaar is; of</p> |
| <p>(b) <i>in respect of which he reasonably believes that the tax due in terms of these by-laws has not been paid.</i></p> | <p>(b) ten opsigte waarvan hy redelikerwys meen dat die belasting wat ingevolge hierdie verordeninge betaalbaar is, nie betaal is nie.</p> |
| <p>(3) <i>Notwithstanding the provisions of subsections (1) and (2) no person shall seize or impound-</i></p> | <p>(3) Ondanks die bepalings van subartikels (1) en (2) mag niemand-</p> |
| <p>(a) <i>any dog if he reasonably believes that such dog is exempted from tax in terms of section 4;</i></p> | <p>(a) 'n hond vang of skut as hy redelikerwys meen dat die hond ingevolge artikel 4 van belasting vrygestel is nie;</p> |
| <p>(b) <i>any bitch rearing unweaned young, unless such bitch and unweaned young are impounded together; or</i></p> | <p>(b) 'n teef wat ongespeende kleintjies grootmaak, vang of skut nie, tensy die teef en die ongespeende kleintjies saam geskut word;</p> |
| <p>(c) <i>any diseased dog in respect of which the provisions of section 10 of the Animal Diseases and Parasites Act, 1956, apply.</i></p> | <p>(c) enige sieklike hond ten opsigte waarvan die bepalings van artikel 10 van die Wet op Diersiektes en parasiete, 1956, van toepassing is, vang of skut nie.</p> |
| <p>(4) <i>Any person who has seized a dog in terms of this section shall ensure that such dog is not ill-treated in any manner.</i></p> | <p>(4) Enige persoon wat 'n hond ingevolge hierdie artikel vang, moet toesien dt die hond nie op enige wyse mishandel word nie.</p> |
| <p>(5) <i>Any person who has seized a dog in terms of this section shall forthwith cause such dog to be impounded.</i></p> | <p>(5) Enige persoon wat 'n hond ingevolge hierdie artikel vang moet dit onverwyld skut.</p> |

(6) *No person shall set free any dog that has been seized, is being kept in custody or has been impounded in terms of this section.*

(7) *Subject to any provisions to the contrary in these by-laws contained, any dog impounded shall be kept in the pound until the person claiming such dog produces to the poundmaster a tax receipt in respect thereof, and shall have paid to the poundmaster the charges prescribed in the appropriate schedule hereto.*

(8) *Where the name and address of a person appears on the collar of any dog impounded, the poundmaster shall forthwith give notice to such person that such dog has been impounded. A written notice addressed to the address appearing on the collar shall be deemed to be sufficient notice.*

Unclaimed dogs may be sold or destroyed

10(1) *Where and impounded dog is not claimed by any person entitled thereto within five days after it was impounded, an authorized officer may cause the dog to be sold or destroyed.*

(2) *If the poundmaster is of the opinion that an impounded dog is so ill, or seriously injured or in such a physical condition that it would be inhuman to keep it alive, he may have it destroyed.*

(6) Niemand mag 'n hond wat ingevolge hierdie artikel gevang is, in bewaring gehou of of geskut is, bevry nie.

(7) Behoudens andersluidende bepalings in hierdie verordeninge moet 'n hond wat geskut is, in die skut gehou word totdat die persoon wat die hond opeis 'n belastingkwitansie ten opsigte daarvan aan die skutmeester toon en die gelde in die toepaslike bylae hierby voorgeskryf, betaal het.

(8) Waar die naam en adres van 'n persoon op die halsband van 'n hond wat geskut is, verskyn gee die skutmeester onverwyld aan sodanige persoon kennis dat so 'n hond geskut is. 'n Skriftelike kennisgewing, gepos aan die adres wat op die halsband voorkom, word geag voldoende kennisgewing te wees.

Onopgeëiste honde kan verkoop of van kant gemaak word

10(1) Waar 'n geskutte hond nie binne vyf dae na die dag waarop dit geskut is, deur iemand wat daartoe geregtig is opgeëis word nie, kan 'n gemagtigde beampte die hond laat verkoop of van kant laat maak.

(2) Indien die skutmeester van mening is dat 'n geskutte hond so siek of so ernstig beseer is of in so 'n liggaamlike toestand verkeer dat dit onmenslik sou wees om so 'n hond aan die lewe te hou, kan dit van kant gemaak word.

Dog's collar not to be unlawfully used or removed

11(1) *The owner of every dog aged six months or older, shall provide it with a collar bearing a clear impression of the name and address of such owner.*

(2) *No person shall unlawfully use or destroy the collar of a dog or remove it from the neck of a dog.*

Certain dogs not allowed in public places

12(1) *Subject to provisions to the contrary in these by-laws or any other law, no person shall bring or allow in a public place any dog that-*

(a) *is wild, dangerous or ferocious; or*

(b) *is in the habit of charging or chasing people, vehicles, animals, fowls or birds outside the premises where such dog is kept; or*

(c) *causes damage to any person or property; or*

(d) *is a bitch on heat.*

(2) *Any authorized officer may impound a dog such as that described in subsection (1).*

Halsband van hond mag nie wederregtelik gebruik of verwyder word nie

11(1) Die eienaar van elke hond wat ses maande of ouer is, moet dit van 'n halsband voorsien met die naam en adres van sodanige eienaar duidelik daarop of daaraan aangebring.

(2) Niemand mag 'n hond se halsband wederregtelik gebruik of vernietig of dit van die hond se nek verwyder nie.

Sekere honde nie in publieke plekke toegelaat nie

12(1) Behoudens andersluidende bepalings in hierdie verordeninge of enige ander wetsbepaling, mag niemand 'n hond wat-

(a) wild, gevaarlik of kwaai is; of

(b) die gewoonte het om mense, voertuie, diere, pluimvee of voëls buite die perseel waar hy aangehou word, storm te loop of te jaag; of

(c) skade aan persone of eiendom aanrig; of

(d) hitsig is; op 'n publieke plek bring of daar toelaat nie.

(2) Enige gemagtigde beampte kan 'n hond soos die in subartikel (1) beskryf, skut.

Dogs not to be incited

13. *No person shall, without reasonable cause-*
- (a) *set a dog on any person, animal or bird; or*
 - (b) *permit any dog under his supervision or in his custody to attack or terrify any person, animal or bird*

Dogs causing disturbance

14. *No person shall keep a dog that-*
- (a) *creates a disturbance or a nuisance; or*
 - (b) *suffers from a contagious disease, excluding a veterinary surgeon who keeps such dog in a clinic for treatment.*

Destruction of dogs

- 15(1) *The council may, subject to the provisions of section 10, order the destruction of a dog-*
- (a) *where it appears that such dog is of the type described in section 12(1)(a), (b) and (c) and that the person claiming such dog is not entitled to its return in terms of section 9(7); or*
 - (b) *where such dog is found at large in any public place and appears to be ownerless; or*

Honde mag nie aangehits word nie

13. Niemand mag sonder redelike gronde-
- (a) 'n hond aanhits om 'n persoon, dier of voël aan te val of te jaag nie; of
 - (b) toelaat dat 'n hond onder sy toesig of in sy besit 'n persoon, dier of voël aanval of jaag nie.

Honde wat steurnis veroorsaak

14. Niemand mag 'n hond aanhou wat-
- (a) 'n steurnis is of 'n oorlas van homself maak nie;
 - (b) aan 'n aansteeklike siekte ly nie, uitgesonderd 'n veearts wat so 'n hond aanhou vir behandeling in 'n kliniek.

Van kant maak van honde

15. Die Raad kan, behoudens die bepalings van artikel 10, gelas dat 'n hond van kant gemaak word-
- (a) waar dit blyk dat 'n hond van die soort is wat in artikel 12(1)(a), (b) en (c) beskryf is en dat die persoon wat so 'n hond opeis nie ingevolge artikel 9(7) geregtig is om dit terug te ontvang nie;
 - (b) waar so 'n hond wat in 'n publieke plek losloop skynbaar geen eienaar het nie;

(c) *where such dog is found at large in a public place and the owner refuses or fails to pay the tax due in terms of these by-laws in respect of such dog; or*

(d) *where such dog is in such a state of injury that it would, in the opinion of the council, be humane to do so.*

Number of dogs on premises

16. *No person shall keep more dogs on his premises than are prescribed in the appropriate schedule to these by-laws.*

Control of dogs in public places

17(1) *No person shall allow any dog in a public place unless the owner or another person keeps such dog on a leash*

(2) *An authorized officer may impound any dog found wandering at large and uncontrolled in a public place*

(3) *Except in the event of a blind person being lead by a guide dog, any person in charge of a dog in a public place, shall remove any faeces left by such dog.*

Entering upon premises

18. *An authorized officer may for any purpose connected with the application of these by-laws-*

(c) waar 'n hond in 'n publieke plek losloop en die eienaar weier of in gebreke bly om die belasting wat ingevolge hierdie verordeninge ten opsigte daarvan verskuldig is, te betaal;

(d) waar so 'n hond sodanig beseer is dat dit, na die oordeel van die Raad, menslik sou wees om dit te doen.

Getal honde op perseel

16. Niemand mag op sy perseel meer honde aanhou as wat in die toepaslike bylae hierby voorgeskryf word nie.

Beheer van honde in publieke plekke

17(1) Niemand mag 'n hond in 'n publieke plek toelaat nie tensy die eienaar of 'n ander persoon so 'n hond aan 'n leiband vashou.

(2) 'n Gemagtigde beampte kan 'n hond wat los en onbeheer in 'n publieke plek rondloop, skut.

(3) Iemand wat in beheer van 'n hond op 'n publieke plek is, uitgesonderd 'n blinde persoon wat deur 'n gidshond gelei word, moet enige ontlasting wat so 'n hond agterlaat, verwyder.

Betreding van persele

18. 'n Gemagtigde beampte kan vir enige doel in verband met die toepassing van hierdie verordeninge-

- | | |
|--|---|
| <p>(a) <i>at any reasonable time and without notice, enter upon any premises, accompanied, if he deems it necessary, by an interpreter or other assistant with a view to-</i></p> <p>(i) <i>carrying out any examination, inspection or enquiry as he may deem necessary; or</i></p> <p>(ii) <i>exercising any other power in terms of these by-laws and he may for that purpose take any necessary appliance with him onto the premises</i></p> <p>(b) <i>call upon the owner of a dog to render such assistance or to furnish such information, including his full name and address, as such officer may reasonably require.</i></p> | <p>(a) te enige redelike tyd en sonder kennisgewing enige perseel betree, en waar hy dit nodig ag, deur 'n tolk of ander helper vergesel word, ten einde-</p> <p>(i) sodanige ondersoek of inspeksie uit te voer of navraag te doen wat hy nodig ag; of</p> <p>(ii) enige ander bevoegdheid ingevolge hierdie verordeninge uit te oefen en vir die doel kan hy enige benodigde toestel saam met hom na die perseel neem;</p> <p>(b) die eienaar van 'n hond vra om hulp te verleen of sodanige inligting verstrek, met inbegrip van sy volle naam en adres, as wat sodanige beampte redelikerwyse nodig ag.</p> |
|--|---|

Kennels

19. *Subject to the provisions of any other law, no person may establish, manage or keep any kennels or a pets boarding establishment as defined in item 18(2)(a), (b) or (c) of Schedule 1 of the License Ordinance, 1974, in any residential area or in any area that has been classified in terms of an approved town-planning scheme for residential usage, or within 500 meters thereof.*

Establishment and lease of a dog pound

Hondehok

19. Behoudens die bepalings van enige ander wet mag niemand die saak van hondehok of troeteldierlosie-inrigting soos omskryf in item 18(2)(a), (b) en (c) by Bylae 1 van die Ordonnansie op Lisensies, 1974, oprig, bedryf of aanhou nie in enige woonbuurt of enige gebied wat ingevolge 'n goedgekeurde dorpsbeplanningskema vir residensiële gebruik ingedeel is of binne 500 meter daarvandaan is.

Instelling en verhuring van hondeskut

20(1) *The council may for the purposes of these by-laws establish a dog pound and lease such pound to any person or body on the terms and conditions deemed fit by the council.*

(2) *If a pound is lease to any person or body-*

(a) *the powers and duties set forth in sections 9, 10 and 15 shall be deemed to have been delegated to such person or body or to any authorized official in the employ of such person or body, as the case may be, and the provisions of the said sections shall mutates mutandis apply;*

(b) *such person or body shall accept in the pound any dog seized in terms of section 9 or 17(2) for the purpose of impounding it and shall thereafter dispose thereof in accordance with these by-laws*

(c) *such person or body shall be entitled to any fees payable in terms of these by-laws for an impounded dog and to any amount derived from the sale of an impounded dog in terms of section 10(1)*

Duties of poundmaster

21. *The poundmaster-*

20(1) Die Raad kan vir die toepassing van hierdie verordeninge 'n hondeskut instel en sodanige skut aan enige persoon of liggaam verhuur onderworpe aan die bedinge en voorwaardes wat die Raad dienstig ag.

(2) Indien 'n skut aan enige persoon of liggaam verhuur word-

(a) word daar geag dat die bevoegdhede en pligte wat in artikels 9, 10 en 15 uiteengesit word, ook aan sodanige persoon of liggaam of aan enige gemagtigde beampte in diens van sodanige persoon of liggaam, na gelang van die geval, oorgedra is en die bepalings van voorgemelde artikels is *mutatis mutandis* van toepassing;

(b) moet sodanige persoon of liggaam enige hond wat ingevolge artikel 9 of 17(2) gevang word om geskut te word, in die skut ontvang en verder ooreenkomstig die bepalings van hierdie verordeninge daaroor beskik.

(c) is sodanige persoon of liggaam geregtig op enige gelde wat ingevolge hierdie verordeninge ten opsigte van 'n geskutte hond betaalbaar is en op enige bedrag verkry uit die verkoop van 'n geskutte hond ingevolge artikel 10(1).

Pligte van skutmeester

21(1) Die skutmeester-

- | | |
|---|--|
| <p>(a) <i>keeps the pound open between 8h00 and 17h00 during every day of the week;</i></p> | <p>(a) hou die skut tussen 08h00 en 17h00 elke dag van die week oop;</p> |
| <p>(b) <i>receives any dog brought to the pound in terms of these by-laws during the hours when the pound is open and shall, subject to the provisions of these by-laws, keep such dog in the pound: Provided that the poundmaster may refuse to receive a dog, and may release any dog if he at any time has reason to believe that such dog was not lawfully seized or impounded;</i></p> | <p>(b) ontvang enige hond wat ingevolge hierdie verordeninge na die skut gebring word tydens die ure wanneer die skut oop is, en hou dit in die skut onderworpe aan die bepalings van die skutmeester kan weier om 'n hond te ontvang, en kan 'n hond vrylaat as hy te eniger tyd rede het om te glo dat die hond nie wettiglik gevang of geskut is nie;</p> |
| <p>(c) <i>keeps a register in which the following particulars in respect of every impounded dog are recorded:</i></p> | <p>(c) hou 'n register aan waarin die volgende besonderhede van elke geskutte hond aangeteken word:</p> |
| <p>(i) <i>The name, residential address and telephone number of the person who impounded the dog.</i></p> | <p>(i) Die naam, woonadres en telefoonnommer van die persoon wat die hond geskut het.</p> |
| <p>(ii) <i>The time at which and at on which, the dog was impounded.</i></p> | <p>(ii) Die tyd en datum waarop die hond geskut is.</p> |
| <p>(iii) <i>The place where the dog was seized or found.</i></p> | <p>(iii) Die plek waar die hond gevang of gevind is.</p> |
| <p>(iv) <i>The date on which and the time at which the dog was seized or found.</i></p> | <p>(iv) Die datum en die tyd waarop die hond gevang of gevind is.</p> |
| <p>(v) <i>The reason for impounding the dog.</i></p> | <p>(v) Die rede waarom die hond geskut is.</p> |
| <p>(vi) <i>The age, breed, sex, colour markings and any injury found on it when the poundmaster received it.</i></p> | <p>(vi) Die ouderdom, ras, geslag en kleur asook enige besering gevind ten tyde van die ontvangs daarvan deur die skutmeester.</p> |
| <p>(vii) <i>the manner in which the dog was disposed of.</i></p> | <p>(vii) Die wyse waarop daar van die hond ontslae geraak is.</p> |

- | | |
|--|--|
| <p>(viii) <i>The amount of money obtained for the release or sale of the dog.</i></p> | <p>(viii) Die bedrag geld wat uit die vrylating of verkoop van die hond verkry is.</p> |
| <p>(ix) <i>The cost of any veterinary services incurred in respect of such dog;</i></p> | <p>(ix) Die koste van enige veeartsenyuitgawes wat ten opsigte van die hond aangegaan is.</p> |
| <p>(d) <i>ensures that all utensils used in connection with impounded dogs are at all times kept in a clean condition and in a good state of repair;</i></p> | <p>(d) sorg dat alle uitrusting wat in verband met geskutte honde gebruik word, te alle tye skoon en heel gehou word;</p> |
| <p>(e) <i>ensures that the pound is at all times free from flies, insects, rodents and odious smells;</i></p> | <p>(e) sorg dat die skut te alle tye vlieg-, insek-, knaagdier- en reukvry is;</p> |
| <p>(f) <i>ensures that every dog in the pound is properly fed and cared for;</i></p> | <p>(f) sorg dat elke hond in die skut behoorlik gevoer en versorg word;</p> |
| <p>(g) <i>isolates bitches on heat;</i></p> | <p>(g) hou hitsige tewe weg van ander honde;</p> |
| <p>(h) <i>takes all reasonable steps to prevent fighting among dogs in the pound; and</i></p> | <p>(h) doen alle redelike stappe om bakleiery onder honde in die skut te voorkom; en</p> |
| <p>(i) <i>isolates any diseased dog, have such dog treated by a veterinary surgeon and take all possible steps to recover the costs incurred in this respect from the owner.</i></p> | <p>(i) sonder enige siek hond af, laat hom deur 'n veearts behandel en doen alle stappe om die uitgawe wat in hierdie verband aangegaan is, van die eienaar van die hond te verhaal.</p> |

Penalties

Strafbepalings

22. *Any person contravening any of the provisions of these by-laws shall be guilty of an offence and liable, on conviction, to a fine not exceeding R100 or in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding three months, or to both such fine and imprisonment.*

“SCHEDULE 1”

(Section 2)

DOG TAX

1. *For each dog, whether a male dog or bitch, which in the opinion of the person appointed to issue licenses, is a dog of the greyhound strain or a dog of a similar kind:*

(a) *For the first dog: R20*

(b) *For each additional dog: R25*

(2) *The following tax shall be payable for dogs to which the provisions of sub item (1) do not apply:*

(a) *For the first male dog or spayed bitch, where a certificate by veterinary surgeon to the effect that the bitch has indeed been spayed, is submitted, per premises or household: R2/*

(b) *For the second male dog or spayed bitch where a certificate by a veterinary surgeon to the effect that the bitch has indeed been spayed, is submitted, per premises or household: R5*

22. Enige persoon wat enige van die bepalings van hierdie verordeninge oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 of by wanbetaling, met gevangenisstraf van hoogstens 3 maande of beide sodanige boete en gevangenisstraf.

“BYLAE 1”

(Artikel 2)

HONDEBELASTING

1. Vir elke hond, hetsy a reun of teef, wat na die mening van die persoon wat aangestel is om lisensies uit te reik 'n hond van die windhondfamilie of 'n hond van 'n dergelike soort is:

(a) Vir die eerste hond: R20

(b) Vir elke bykomende hond: R25

(2) Vir honed ten opsigte waarvan die bepalings van subitem (1) nie van toepassing is nie, is die volgende belasting betaalbaar.

(a) Vir die eerste reun of gesteriliseerde teef, waar 'n sertifikaat van 'n veearts voorgelê is dat die teef wel gesteriliseer is, per perseel of huishouding: R2.

(b) Vir die tweede reun of gesteriliseerde teef, waar 'n sertifikaat van 'n veearts voorgelê is dat die teef wel gesteriliseer is, per perseel of huishouding: R5.

- | | |
|---|--|
| <p>(c) <i>For the third male dog or spayed bitch, where a certificate by a veterinary surgeon to the effect that the bitch has indeed been spayed, is submitted, per premises or household: R7.</i></p> | <p>(c) Vir die tweede reun of gesteriliseerde teef, waar 'n sertifikaat van 'n veearts voorgelê is dat die teef wel gesteriliseer is, per perseel of huishouding: R7.</p> |
| <p>(d) <i>For each additional male dog or spayed bitch, where a certificate by a veterinary surgeon to the effect that the bitch has indeed been spayed is submitted, per premises or household: R12.</i></p> | <p>(d) Vir die derde reun of gesteriliseerde teef, waar 'n sertifikaat van 'n veearts voorgelê is dat die teef wel gesteriliseer is, per perseel of huishouding: R12.</p> |
| <p>(e) <i>For each unsprayed bitch, per premises or household: R10.</i></p> | <p>(e) Vir elke ongesteriliseerde teef, per perseel of huishouding: R10.</p> |
| <p>2. <i>Annual dog tax in respect of dogs kept on agricultural holdings and farms.</i></p> | <p>(2) Jaarlikse hondebelasting ten opsigte van honed wat op Landbouhoewes en plase aangehou word</p> |
| <p>(1) <i>For each dog, whether a male dog or bitch, which in the opinion of the person appointed to issue licenses, is a dog of the greyhound strain or a dog of a similar kind:</i></p> | <p>(1) Vir elke hond, hetsy 'n reun of teef, wat na die mening van die persoon wat aangestel is om lisensie uit te reik 'n hond van die windhondfamilie of 'n hond van 'n dergelike sort is:</p> |
| <p>(a) <i>For the first dog: R20.</i></p> | <p>(a) Vir die eerste hond: R20.</p> |
| <p>(b) <i>For each additional dog: R25.</i></p> | <p>(b) Vir elke bykomende hond: R25.</p> |
| <p>(2) <i>The following tax shall be payable for dogs to which the provisions of sub item (1) do not apply:</i></p> | <p>(2) Vir honed ten opsigte waarvan die bepaling van subitem (1) nie van toepassing is nie, is die volgende belasting betaalbaar:</p> |
| <p>(a) <i>For the first male dog or spayed bitch, where a certificate by a veterinary surgeon to the effect that the bitch has indeed been spayed, is submitted, per premises or household: R2.</i></p> | <p>(a) Vir die eerste reun of gesteriliseerde teef, waar 'n sertifikaat van 'n veearts voorgelê is dat die teef wel gesteriliseer is, per perseel of huishouding: R2.</p> |

- | | |
|---|---|
| <p>(b) <i>For the second male dog or spayed bitch, where a certificate by a veterinary surgeon to the effect that the bitch has indeed been spayed, is submitted, per premises or household: R3.</i></p> <p>(c) <i>For the third male dog or spayed bitch, where a certificate by a veterinary surgeon to the effect that the bitch has indeed been spayed, is submitted, per premises or household: R5.</i></p> <p>(d) <i>For each additional male dog or spayed bitch, where a certificate by a veterinary surgeon to the effect that the bitch has indeed been spayed, is submitted, per premises or household: R8.</i></p> <p>(e) <i>For each unsprayed bitch, per premises or household: R8.</i></p> <p>3) <i>Tax shall be payable annually before 31 January.</i></p> | <p>(b) Vir die tweede reun of gesteriliseerde teef, waar 'n sertifikaat van 'n veearts voorgelê is dat die teef wel gesteriliseer is, per perseel of huishouding: R3.</p> <p>(c) Vir die derde reun of gesteriliseerde teef, waar 'n sertifikaat van 'n veearts voorgelê is dat die teef wel gesteriliseer is, per perseel of huishouding: R5.</p> <p>(d) Vir elke bykomende reun of gesteriliseerde teef, waar 'n sertifikaat van 'n veearts voorgelê is dat die teef wel gesteriliseer is, per perseel of huishouding: R8.</p> <p>(e) Vir elke ongesteriliseerde teef, per perseel of huishouding: R8.</p> <p>3) Belasting is jaarliks voor 31 Januarie betaalbaar.</p> |
|---|---|

SCHEDULE 2

DUPLICATE TAX RECEIPT

Per duplicate tax receipt: R1

SCHEDULE 3

POUND FEES

Per dog, per day: R5.

BYLAE 2

DUPLIKAATBELASTINGKWITANSIE

Per duplikaatbelastingkwitansie: R1

BYALE 3

SKUTGELDE

Per hond, per dag: R5.